10 Maart 2019

Hoërskool Kategese

Lukas 4:1-13

wat wil jy vandag bereik?

Ons kry kans om te sien watter pad Jesus kies wanneer Hy uitgedaag word .

Jesus word uitgedaag om 'n ander pad te kies as waarvoor Hy aarde toe gekom het.

'n Defenisie van sonde is: om jou doel te mis.

Vandag gesels ons oor hoe Jesus gekies het toe hy juis oor die doel vir Sy lewe uitgedaag is.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede
van die NOUS span te nooi
om opleiding rondom hierdie metodiek
te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Versoekings is nie iets waaroor mense gemaklik praat nie.
Dalk voel mens skaam oor versoekings wat jy beleef... maar almal ervaar versoekings.

Watter versoekings beleef tieners deesdae gereeld?

word stil

Lees Psalm 91:1-2 & 9-16

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Lukas 4:1-13

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

gesels dan oor die volgende saam

Watter gedeelte van die teks praat die meeste met jou?

Die duiwel wil Jesus op verskillende maniere kry om 'n ander pad te kies as die een wat Hy op aarde kom loop het. Hierdie paaie is ander paaie as wat God wil hê.

Die duiwel gee vir Jesus 3 opsies. Elke keer kies Jesus anders as die duiwel se voorstel.

Kyk of julle die drie kan raaksien.

Een defenisie wat ons kan gee vir sonde is: Om jou doel te mis. Die doel vir jou lewe. Jesus kies om op die koers vir sy lewe se doel te bly.

Jesus word uitgedaag om dit wat Hy verdien te vat en soos 'n koning met mag en krag te maak wat Hy wil... hoewel Jesus eerder lewe soos 'n dienskeng wat optree met nederigheid.

Die duiwel wil ons graag op afdraai-paaie waarop ons wegdwaal van God en die doelwit wat God vir ons lewens het.

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef

Dat God mooi is, is geen geheim nie. Dit staan geskryf op elke blom, op die see en die berge. Dat God groot is, kyk na die heelal... Wat is die geheim? Dit - God is die God wat my voete was - daaraan is ons nie gewoond nie!"

Hoe kan ons seker maak ons volg Jesus - om ook ons lewe se doelwit te bereik?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?

Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."

Is daar enige iemand wat 'n saak het waarvoor hulle voel die groep kan bid?

Praat gerus met God daaroor.